



# Info Forum

Nuusbrief van die Potchefstroom Kampusbiblioteke

Vol 11:2 • November **2013**

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS


IN HIERDIE UITGAWE:

Bladsy


1 - Navorsings- en Honneursmeent
2 - OPAC-rekenaars
3 - Groepbesprekingslokale
3 - NWU-toep
4 - Skryf van referate
4 - Opleiding
5 - Bouwerk
5 - Nuwe aanwinste en RSS-voere
6 - Bindwerk
6 - MS Word-templaat


***"You build a thousand castles, a thousand sanctuaries, you are nothing; you build a library, you are everything!"***

***- Mehmet Murat Ildan***

## Die Biblioteek vernuwe: 'n navorsings- en honneursmeent op die derde vloer!

**Waar is dit en waarom?**

Die Noordwes-Universiteit streef daarna om gefokusde hoë gehalte navorsing te lewer. Die daarstel van 'n eksklusiewe navorsings- en honneursmeent in die Ferdinand Postma Biblioteekgebou is die bydrae van die Biblioteekdienste om hierdie doelwit te help verwesenlik. Die Navorsingsmeent word in die noordwestelike vleuel op die derde vloer van die bestaande biblioteekgebou ingerig en aangrensend, die Honneursmeent.

**Wat bied die nagraadse meent?**

Opwindende vooruitsigte word daargestel waaronder eksklusiewe toegang vir alle honneurs-, meesters- en doktorsgraadstudente, postdoktorale genote sowel as akademiese en navorsingspersoneel; die nuutste rekenaartegnologie en toepaslike sagteware; luukse konferensiegeriewe en 'n ontspanningsarea.

Opwindende geleenthede met wêreldklasprodukte, -tegnieke en -metodes gaan op 'n gereelde basis aangebied word. Navorsers van verskillende studierigtings gaan die kans kry om skouers te skuur en so wisselwerking tussen dissiplines te verseker.

**Hoe gaan dit lyk?**

Weelderige mat as vloerbedekking met houtmeubels in 'n ligte kleur. Glasskerms word gebruik om die gevoel van deursigtigheid en ruimte te skep. Die ergonomiese lessenaar- en besoekerstoele is modern oorgetrek en 'n gerieflike ontspan-area word ingerig waar moeë bene en verstand tot rus kan kom met 'n koppie koffie. Ons unieke Africana-versameling word aangrensend uitgestal en kan deur 'n glasmuur besigtig word.

**Watter fasiliteite is daar?**


- Eksklusiewe toegang in die navorsingsmeent vir magister- en doktorale studente, post-doktorale genote, akademiese- en navorsingspersoneel
- Die Honneursmeent bied slegs toegang vir honneursstudente
- Ruim rekenaarwerkstasies
- Individuele skootrekenaarstasies

- Enkelpersoon-studiehokkies
- Groepstudiekamers vir groepsbespreking
- Druk-, kopieer- en skandeergeriewe
- 'n Moderne tegnologies-ingerigte konferensielokaal met interaktiewe witbord, klank- en beligtingsfasiliteite vir die Navorsingsmeent
- Ervare inligtingspersoneel is beskikbaar om navorsers by te staan en te verwys na vakbibliotekarisse indien nodig. Na-ure gaan die fasiliteit deur nagraadse studente beman word
- 'n Kernversameling naslaanwerke in navorsingsmetodes
- Gemaklike ontspan-area met DSTV (beperkte kanale, geen oudio)
- In die Navorsingsmeent is ook 'n koffiemasjien

## OPAC-rekenaars

Op elke vloer in die Ferdinand Postma Biblioteek is daar rekenaars geplaas waar studente boeke op die katalogus kan soek. Gebruikers hoef nou nie meer tot op die grondvloer te stap indien hulle na 'n boek soek nie. Internetkoppeling geskied via die wi-fi-netwerk op die kampus.



## Groepbesprekingslokale

Daar is nege lokale in die Ferdinand Postma Biblioteek wat deur studente en personeel bespreek kan word vir groepbesprekings. Die lokale is ingerig met plasmaskerms en witborde en kan tussen 6 en 16 persone akkommodeer.  Dit kan bespreek word met *Innovative* se *lokaalbesprekingsmodule*.






*Alfa (bo) kan 16 persone akkommodeer*



*Kamer 206 (links) kan tussen 12-16 persone akkommodeer*


## NWU-toep nou beskikbaar!

Met die bekendstelling van die Noordwes-Universiteit (NWU) se eerste toepassing (toep), het 'n mens nou toegang tot NWU-inligting in die palm van jou hand. Laai die toep af en lees jou studentekoerant en amptelike NWU-nuus, of sien jou nuutste akademiese resultate deur middel van jou mobiele toestel.

Ander funksies wat ook deur middel van die toep beskikbaar is, sluit 'n koop-hulpmiddel in vir die koop van lugtyd en 'n chat-hulpmiddel. Om toegang hiertoe, en ook tot ander funksies te verkry, laai nou jou toep af!

Die toep is beskikbaar vir iPhone-, Samsung- en Blackberrytoestelle. Dit is ook beskikbaar via die web by http://mobile.nwu.ac.za.

(*Artikel verkry vanaf NWU-webblad.*)




## Skryf van referate




Kyk gerus na *Skryf van referate* wat op ons webblad geplaas is. Dit gee 'n oorsig van die hele proses om 'n referaat te skryf, naamlik vanaf die inwin van relevante inligting en die logiese ordening daarvan tot 'n netjiese eindproduk wat die student se deelnamepunt positief sal beïnvloed. Dit is belangrik dat 'n student die kuns bemeester om duidelik, logies en doeltreffend te kan skryf. Hierdie vaardigheid word veral tydens die voorgraadse jare deur die skryf van werkopdragte ontwikkel.

Studente doen ook goeie ervaring ten opsigte van die navorsingsproses op wat op nagraadse vlak van groot waarde kan wees. Hierdie handleiding behoort veral deur voorgraadse studente baie nuttig gebruik te kan word.




## Opleiding @ Your Library

Opleidingssessies kan vir individue of groepe gereël word en kan in Tarentaal en Besembos (die Biblioteek se elektroniese klaskamers) of in enige klaskamers op die kampus plaasvind. Groepsopleiding oor die vind van bronne op die Biblioteekwebblad, word in oorleg met die spesifieke inligtingsbibliotekaris of opleidingsbibliotekaris en die dosent geskeduleer.

Navorsingsopleidingsessies kan tussen die opleidingsbibliotekaris en die nagraadse studente, dosente en navorsers geskeduleer word rakende:

- Bibliografiese bestuurshulpmiddels
- Verwysingstegnieke
- Evaluering van navorsingsimpak
- Publisering in eweknie-geëvalueerde tydskrifte

Biblioteekpersoneel voeg ook inhoud by tot die inligtingsgeletterheidstudie-eenheid, wat deel van die verpligte Akademiese geletterdheidsmodule (AGLE121) vorm.



*Die opleidingslokale: Tarentaal (links) en Besembos (onder)*



*Die nuwe kalender (links) wat gebruik word om opleidingsessies te bespreek*

## Bouwerk in die Ferdinand Postma Biblioteek

Die bouwerk op die derde vloer is goed op dreef. Die ergste gekap en lawaai om die ou en uitgediende strukture te verwyder, is verby. Daar gaan eerste aandag gegee word aan die inrigting van 'n nuwe lokaal vir die Africanaversameling.

Wanneer die lokaal voltooi is, kan die Africanaboeke en -meubels daarnatoe skuif. Daar is net drie dae tyd daarvoor ingeruim. Die ou Africanaruimte aan die noordekant van die gebou gaan aangewend word vir die honneursmeent wat gaan grens aan die Navorsingsmeent. Indien alles volgens plan verloop, gaan die hele ruimte teen die einde van Januarie 2014 voltooi wees.






*Die spasie waar die 900-boeke gestaan het, sal voortaan die Afrikana-boeke huisves*

## Nuwe aanwinste en RSS-voere

Die Aanskaf- en Prosesseringsafdeling by die Ferdinand Postma Biblioteek is verantwoordelik vir die bestelling, ontvangs en katalogisering van alle vorms van biblioteekmateriaal vir die Potchefstoomkampus sowel as die van dié Vaaldriehoekkampus.

Die LibGuide vir nuwe aanwinste poog om studente en personeel op die hoogte te hou van die nuutste materiaal wat by al drie kampusbiblioteke beskikbaar is.

Die Biblioteek stel nou die nuutste boekaanwinste in elke vakgroep deur 'n RSS-voer beskikbaar. Die verskillende "voere" word daagliks opgedateer om te verseker dat biblioteekgebruikers op die hoogte bly van die nuutste aanwinste tot hulle beskikking. Die "voere" kan aanlyn besigtig word via Millennium, of deur dit op jou gunsteling RSS-leser te registreer.




## Indien en bind van hardebande


Bindwerk wat vir M- en D-studente gedoen word, kan by Nashua of enige ander instansie gedruk word. Die gedrukte kopieë word by die M- en D-kantoor, gebou F1, kantoor 222, ingehandig. Hierdie kantoor kontroleer die drukwerk vir akkuraatheid. Studente voltooi 'n opdragvorm met die nodige bindinstruksies. Hierdie vorm, tesame met die bewys van betaling en gedrukte kopieë, word in 'n verseëlde sak na die Ferdinand Postma Biblioteek versend. Mev Adri Smit ontvang dit en teken vir ontvangs.

Sodra die bindwerk afgehandel is, word dit na die M- en D-kantoor teruggestuur. Hierdie kantoor teken vir ontvangs. Versending van boeke na die betrokke afdelings, soos ooreengekom met die student, word vanuit hierdie kantoor hanteer.

Die kontakpersoon vir bindwerk is mnr Eric Swanepoel, telefoon +27 (0)18 285 2364.






## MS Word-templaat

IT-dienste het 'n aantal Microsoft Word-template geskep vir die gebruik deur studente en personeel. Die template kan gebruik word om die skep van 'n proefskrif of verhandeling te vergemaklik. Die template kan ook op bestaande dokumente toegepas word.

Die titelblad, inhoudsopgawe en bladsynommers is reeds geskep. Jy hoef slegs die inhoud by te voeg.

(*Artikel verkry vanaf NWU-webblad.*)

Artikels geskryf deur: Erika Rood, Elize van Eldik, Henriëtte Groenewald, Louw Venter, Ria Adelaar en Louise Vos
Redakteur: Elize van Eldik | E-pos: elize.vaneldik@nwu.ac.za | Tel: 018 2985 2441
InfoForum is op die web beskikbaar by http://dspace.nwu.ac.za/handle/10394/8323